**“handelsgebied”** 'n gebied wat afgesonder en afgebaken is kragtens artikel 6(2) van hierdie verordening;

**“informele handelaar”** 'n persoon of 'n onderneming wat nie kragtens korporatiewe wette van Suid-Afrika geregistreer of geïnkorporeer is nie, en wat by informele handel betrokke is;

**“munisipale diens”** 'n diens wat die munisipaliteit kragtens sy bevoegdhede en funksies verskaf of kan verskaf aan of ten bate van die plaaslike gemeenskap, ongeag of –

- (a) sodanige diens verskaf word of verskaf staan te word deur die munisipaliteit by wyse van 'n interne meganisme bedoel in artikel 76 van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) of deur gebruik te maak van 'n eksterne meganisme soos bedoel in die genoemde artikel; en
- (b) gelde, koste of tariewe in verband met sodanige diens gehef word, al dan nie.

**“munisipale eiendom”** eiendom in besit van, gehuur deur of onder die besturende beheer van die munisipaliteit;

**“munisipaliteit”** die Drakenstein Munisipaliteit ingestel kragtens artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), Provinsiale Kennisgewing 488 gedateer 22 September 2000, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer daarvan wat kragtens hierdie verordening optree uit hoofde van 'n bevoegdheid wat in die munisipaliteit gevestig is en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

**“onwettige goedere”** goedere wat onwettig is om te verkoop of te koop, insluitend maar nie beperk nie tot nagemaakte goedere soos omskryf in die Wet op Nagemaakte Goedere, 1997 (Wet 37 van 1997);

**“oorlas”** enige optrede wat 'n toedrag van sake of toestand meebring of kan meebring wat 'n bron van gevaar vir 'n persoon of die eiendom van ander uitmaak of wat weselik met die gewone gemak, gerief, rus of vrede van ander mense inmeng;

**“openbare gerief”** –

- (a) enige grond, meent, plein, kampeerterrein, swembad, rivier, openbare oord, ontspanningsterrein, natuurreservaat, dieretuin, botaniese of ander tuin, park of staproete

wat die eiendom van die munisipaliteit is, insluitend enige deel daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin of daarop;

- (b) enige gebou, struktuur, saal, lokaal of kantoor, insluitend enige deel daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin wat die eiendom van die munisipaliteit is of in besit is van of beheer of gehuur word deur die munisipaliteit en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy teen betaling van toegangsgeld al dan nie; maar sluit die volgende uit –
- (a) enige openbare pad of straat;
  - (b) enige openbare gerief bedoel in paragraaf (a) en (b), indien dit wettiglik kragtens 'n ooreenkoms deur 'n persoon buiten die munisipaliteit beheer en bestuur word; en
  - (c) enige openbare gerief wat van die munisipaliteit gehuur word.

**“openbare pad”** enige pad, straat, deurgang of enige ander plek (hetsy 'n deurgang of nie) wat gewoonlik deur die publiek of 'n deel daarvan gebruik word of waartoe die publiek of enige deel daarvan 'n reg op toegang het, en sluit in –

- (a) die rand van enige sodanige pad, straat of deurgang;
- (b) enige brug, pont of drif waaroor enige sodanige pad, straat of deurgang loop; en
- (c) enige ander werk of voorwerp wat 'n deel uitmaak van of in verband met of behorende aan sodanige pad, straat of deurgang;

**“rand”** daardie gedeelte van die pad, straat of deurgang wat nie 'n ryvlak is nie.

**“skutkoste”** alle koste aangegaan deur die munisipaliteit met die skut en berging van eiendom wat kragtens artikel 15 geskut is en, waar van toepassing, die koste aangegaan as gevolg van die wegdoening of vrystelling van die geskutte eiendom, en enige ander verwante koste;

**“sypaadjie”** daardie gedeelte van 'n rand wat vir die uitsluitlike gebruik van voetgangers bedoel is;

- (2) Vir die doeleindes van hierdie verordening sluit 'n persoon wat die sake van 'n informele handelaar bedryf, enige werknemer of agent van sodanige informele handelaar in.

## 2. Doel van verordening en grondbeginsels

- (1) Die munisipaliteit erken die sleutelrol wat informele handel in armoedeverligting, inkomstegenerering en entrepreneuriese ontwikkeling speel, en veral die positiewe impak wat informele handel op histories benadeelde individue en gemeenskappe het.
- (2) Die munisipaliteit erken die noodsaaklikheid om 'n ontwikkelingsbenadering tot die informele handelsektor te volg ten einde 'n omgewing te skep wat bevorderlik vir die groei van ondernemings in die informele handelsektor is.
- (3) Die munisipaliteit erken die reg van informele handelaars om in ooreenstemming met die Grondwet en ter nakoming van toepaslike wetgewing handel te dryf.
- (4) Die munisipaliteit erken ook infrastrukturele, maatskaplike en ekonomiese verskille en ongelykhede wat mag bestaan en sal daarna streef om sodanige verskille en ongelykhede te oorkom deur tussen gemeenskappe en geografiese gebiede te onderskei, waar toepaslik.
- (9) Die munisipaliteit erken die bestaan van die historiese, nie-afgebakende informele handelsterreine. Kennis word geneem van die betrokke wetgewende raamwerke wanneer toegang tot geskikte infrastruktuur binne die konteks van plaaslike regering gefasiliteer word. Wat historiese, nie-afgebakende informele handelsterreine aanbetref, sal die munisipaliteit poog om toe te sien dat informele handelaars redelike toegang tot 'n waardige bemagtigingsomgewing het in gebiede waar dit in ooreenstemming met betrokke beleide, wette en omstandighede haalbaar is om handel te dryf. Die oorweging van aansoeke vir die benutting van hierdie terreine sal, onderworpe aan skakeling met alle betrokke owerhede, insluitend die betrokke padowerheid, gefasiliteer word. Duidelike riglyne sal voorsien word aan beamptes wat informele handel in die munisipaliteit bestuur om toe te sien dat beleidsriglyne nagekom word.
- (10) Die goedkeuring van hierdie terreine sal, onderworpe aan skakeling met die betrokke padowerheid, gefasiliteer word om toe te sien dat informele handelaars hul grondwetlike

reg kan uitoefen om toegelaat te word om handel te dryf. Duidelike riglyne sal voorsien word aan beamptes wat informele handel in die munisipaliteit bestuur om toe te sien dat beleidsriglyne nagekom word.

- (11) Hierdie verordening poog gevolglik om meganismes te voorsien vir die regulering en bestuur van informele handel binne die regsgebied van die munisipaliteit.

#### **15. Vryheid van handel**

Informele handel word binne die regsgebied van die munisipaliteit toegelaat behoudens enige handelbestuursbeleid wat deur die munisipaliteit aanvaar word, en die bepaling van hierdie verordening en enige ander toepaslike wetgewing.

#### **16. Aanvaarding van handelbestuursbeleid**

- (3) Die munisipaliteit moet 'n handelbestuursbeleid aanvaar wat voorsiening maak vir aangeleenthede wat informele handel in die munisipale gebied reguleer, insluitend maar nie beperk nie tot –
- (a) die bepaling van voorwaardes vir informele handel, insluitend die bepaling en voorwaardes wat opgelê word ten opsigte van permitte wat deur die munisipaliteit uitgereik word, en onderworpe aan enige vereistes van hierdie verordening;
  - (b) die wyse waarop maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling deur die beleid bevorder word;
  - (c) om die gelyke behandeling van informele handelaars en voorkoming van onbillike diskriminasie te verseker, met spesifieke verwysing na buitelandse burgers, vlugteling of asielsoekers;
  - (d) die fasilitering van toegang tot basiese fasiliteite of infrastruktuur vir informele handelaars, indien haalbaar;
  - (e) die bevordering van gereelde skakeling met informele handelaars op verskeie platforms en die fasilitering van programme in kapasiteitsbou en vaardigheidsontwikkeling vir informele handelaars;
  - (f) die verskaffing van duidelike riglyne aan toepassingsbeamptes oor die uitvoering van hul bevoegdhede en funksies kragtens hierdie verordening en ander toepaslike wetgewing; en
  - (g) die manier waarop sensitiewe erfenis- en omgewingsgebiede binne handelsgebiede beskerm sal word.
- (4) Voordat 'n beleid soos bedoel in subartikel (1) aanvaar word, moet die munisipaliteit belangstellende en geaffekteerde partye raadpleeg, insluitend formele besighede en die informele handelsektor.

#### **17. Soorte informele handel**

Informele handel kan insluit –

- (a) straathandel – handel op sypaadjies of paaie;
- (b) handel in voetgangerstrate – handel in gebiede wat vir slegs voetgangers se gebruik bestem is;
- (c) handel by markte – handel by informele markte, meestal oor naweke;
- (d) handel by kruisings – handel in koerante en ander goedere by verkeerskruisings;
- (e) handel by openbare geriewe – handel in enige soort koopware in munisipale parke, sportterreine of ander geriewe;
- (f) mobiele handel – handel vanuit karavane, sleepwaens, ligte afleweringvoertuie of 'n trollie of soortgelyke toestel;
- (g) reisende handelaars – handelaars wat op 'n daaglikse basis van plek tot plek in die munisipale gebied rondbeweeg;



- (h) handel by spesiale gebeure – handel by spesiale gebeure soos feeste of groot byeenkomste van mense; en
- (i) handel oor naweke en op spesiale dae – handelaars wat handel dryf slegs oor naweke of op dae wanneer sosiale toelaes uitbetaal word.

#### **18. Handelsgebiede en afbakening**

- (1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 2, kan die munisipaliteit kragtens artikel 6A(2)(a) van die Wet volgens 'n besluit enige plek in sy gebied verklaar tot 'n gebied waarin die bedryf van die besigheid van informele handelaar beperk of verbied kan word.
- (2) Die munisipaliteit kan kragtens artikel 6A(3)(b)(i) van die Wet staanplekke of gebiede vir informele handel afsonder en afbaken, welke gebiede duidelik gemerk moet word om die grootte en grense daarvan aan te dui.

#### **19. Handelspermitte en -gelde**

- (1) Geen persoon mag sonder 'n geldige permit wat deur die munisipaliteit uitgereik is, informele handel op munisipale eiendom dryf nie.
- (2) Die munisipaliteit is daarop geregtig om die volgende aan 'n permithouer te hef:
  - (a) handelsgelde;
  - (b) aansoekgelde; en
  - (c) bykomende gelde of 'n tarief ten opsigte van bykomende koste aangegaan of dienste verskaf deur die munisipaliteit.
- (3) 'n Persoon wat die besigheid van informele handelaar wil bedryf, moet by die munisipaliteit aansoek doen op die wyse voorgeskryf in die Beleid oor Informele Handelsbestuur, en sodanige aansoek moet volgens die kriteria uiteengesit in die genoemde beleid oorweeg word.
- (4) Indien 'n aansoek geweier word, moet die munisipaliteit redes vir sy besluit aan die aansoeker voorsien.
- (5) 'n Permit om handel te dryf moet te alle tye by die plek van handel gehou word en moet op aanvraag deur 'n gemagtigde beampte getoon word.

#### **20. Oordrag van permitte**

- (1) In die geval van die afsterwe of erge siekte van die permithouer, kan 'n permit permanent oorgedra word aan 'n afhanklike, of 'n assistent wat namens die afhanklike optree, wat met handel voort sal gaan totdat die permit nie meer geldig is nie.
- (2) 'n Permit kan vir 'n tydperk van hoogstens ses maande tydelik oorgedra word aan 'n afhanklike of, waar daar geen afhanklike is nie, aan 'n individu wat deur die permithouer genomineer word, om redes soos siekte, swangerskap, gesinsverantwoordelikheid, godsdienstige of kulturele aangeleenthede of enige ander persoonlike aangeleentheid, met dien verstande dat die munisipaliteit voorsien word van 'n beëdigde verklaring met die redes en tydperk waarvoor die permithouer die permitoordrag benodig.

#### **21. Terugtrekking van permitte**

Die munisipaliteit kan, ná die uitreiking van 'n skriftelike kennisgewing aan die informele handelaar en nadat hy of sy die geleentheid gegun is om skriftelike verhoë te rig, 'n permit terugtrek ingeval sodanige informele handelaar –

- (a) enige bepalings van die permit of die verordening of enige ander wet oortree;
- (b) skuldig bevind word aan handel in onwettige goedere of die onwettige lewering van 'n diens; of
- (c) opsetlik vals inligting verskaf tydens die aansoekproses of wanneer dit nodig is om die munisipaliteit van inligting te voorsien.

**22. Opskorting van permitte en hervestiging van informele handelaars**

- (1) Indien dit nodig sou wees om vanweë die uitvoering van aktiwiteite wat die voortsetting van handel vanaf die betrokke handelsplek onmoontlik of onprakties maak, kan die munisipaliteit, ná redelike kennisgewing en sonder vergoeding betaalbaar aan die permithouer, tydelik –
  - (a) 'n permithouer hervestig;
  - (b) die geldigheid van 'n permit opskort; of
  - (c) 'n permithouer verbied om by die betrokke handelsplek handel te dryf.
- (2) Aktiwiteite waarna verwys word in subartikel (1) kan insluit, maar is nie daartoe beperk nie –
  - (a) instandhouding of konstruksie van infrastruktuur of geboue wat deur die munisipaliteit uitgevoer word;
  - (b) eiendomsontwikkelings, veranderings of opknappings deur enige entiteit;
  - (c) aktiwiteite deur openbare entiteite wat kragtens hul bevoegdhede en funksies uitgevoer word; of
  - (d) die verklaring van 'n ramptoestand kragtens die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 52 van 2002).

**23. Infrastruktuur en basiese dienste**

Die munisipaliteit kan, waar nodig en binne sy finansiële en administratiewe vermoë, verseker dat –

- (a) toegang tot basiese dienste, insluitend water, elektrisiteit, vullisverwydering en sanitasie, by fasiliteite in munisipale besit teen 'n koste aan die informele handelaar verskaf word, en dat enige koste vir aansluiting van hierdie dienste ook van die informele handelaar gehef word;
- (b) basiese dienste en instandhouding van infrastruktuur geïmplementeer word, indien haalbaar; en
- (c) enige ander nodige infrastruktuur ter bevordering van informele handel verskaf word.

**24. Verbod op en beperking van handel**

Informele handel mag nie gedryf word –

- (a) in 'n openbare gerief onder die beheer van die munisipaliteit en waartoe die publiek 'n reg op toegang het nie, tensy sodanige gebied deur die munisipaliteit vir die doel kragtens artikel 6 van hierdie verordening afgesonder en afgebaken is;
- (b) op 'n rand aangrensend aan –
  - (i) 'n gebou wat behoort aan of geokkupeer word deur die staat of die munisipaliteit nie;
  - (ii) 'n kerk of enige ander plek van aanbidding nie; of
  - (iii) 'n gebou wat kragtens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) as 'n nasionale erfenisterrein verklaar is nie.
- (c) in 'n gebied wat deur die munisipaliteit kragtens artikel 6A(2)(a) van die Wet verklaar is as 'n plek waar informele handel –
  - (i) verbode is nie of
  - (ii) strydig is met enige beperking wat deur die munisipaliteit kragtens daardie artikel ten opsigte van sodanige gebied opgelê is nie.
- (d) op 'n plek waar –
  - (i) dit toegang tot 'n brandkraan of ander munisipale diens belemmer nie;
  - (ii) dit toegang tot enige ingang na of uitgang van 'n gebou versper nie;
  - (iii) dit voetgangers verhoed om 'n sypaadjie te gebruik of hulle weselik belemmer in hul gebruik van 'n sypaadjie nie;
  - (iv) dit 'n obstruksie op 'n ryvlak veroorsaak nie; en
  - (v) dit toegang tot parkering of laaiplekke of ander fasiliteite vir voertuigverkeer beperk nie.

- (e) op daardie helfte van 'n openbare pad aangrensend aan 'n gebou wat vir residensiële doeleindes gebruik word as die eienaar, okkupeerder of persoon in beheer van die gebou daarteen beswaar maak nie;
- (f) op 'n plek waar –
  - (i) dit toegang belemmer tot straatmeubels, buspassasiers se banke of skuilings, toustanery, houers vir vullisverwydering of ander fasiliteite wat vir die publiek se gebruik bedoel is nie;
  - (ii) dit die sigbaarheid van 'n vertoonvenster van 'n sakeperseel belemmer as die eienaar of okkupeerder van die betrokke sakeperseel daarteen beswaar maak nie;
  - (iii) dit toegang tot 'n voetgang belemmer nie;
  - (iv) dit toegang tot enige voertuig belemmer nie;
  - (v) dit enige padverkeersteken of enige merk, kennisgewing of teken wat kragtens hierdie verordening vertoon word, belemmer nie;
  - (vi) dit op enige manier inmeng met enige voertuig wat langs sodanige plek geparkeer is nie;
  - (vii) dit toegang tot 'n outomatiese tellermasjien (OTM) belemmer nie;
  - (viii) dit die uitsig van kringteleviseiekameras belemmer nie; of
  - (ix) dit toegang tot 'n wandellaan- of winkelsentrum belemmer nie.

## 25. Algemene verbod

'n Informele handelaar mag nie –

- (a) by die plek van sodanige onderneming oornag nie;
- (b) sonder die goedkeuring van die munisipaliteit enige struktuur oprig (buiten 'n toestel wat op dieselfde manier werk as en gevorm is soos 'n sambreel of gazebo) met die doel om skuiling te verskaf nie;
- (c) 'n oorlas vir ander mense skep nie;
- (d) die oppervlak van enige openbare pad of openbare plek of ander munisipale eiendom beskadig of ontsier nie;
- (e) 'n verkeersgevaar skep nie;
- (f) enige voorwerp op enige manier vasmaak aan enige gebou, struktuur, sypaadjie, boom, parkeermeter, lamppaal, elektrisiteitspaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeubels in of op 'n openbare pad of openbare plek nie;
- (g) 'n vuur maak op 'n plek of in omstandighede waar dit enige persoon leed kan aandoen of 'n gebou of voertuig of enige straatmeubels kan beskadig nie;
- (h) versuim of weier om enige goedere te skuif of te verwyder nadat dit deur 'n gemagtigde werknemer of agent van die munisipaliteit versoek is nie; of
- (i) enige vorm van reklametekens vertoon of enige reklamestruktuur van enige soort by sy of haar handelsplek oprig nie.

## 26. Afvalverwydering, skoonmaak en higiëne

(3) 'n Informele handelaar moet –

- (a) sy of haar handelsplek in 'n skoon en sanitêre toestand onderhou;
- (b) op 'n daaglikse basis en wanneer handel beëindig word, alle afval, verpakkingsmateriaal, voorraad en toerusting wat gebruik of geproduseer word ten opsigte van die informele handelaar se onderneming, vanaf enige openbare pad of openbare plek insamel en verwyder, tensy die munisipaliteit skriftelike vrystelling in hierdie verband toestaan;
- (c) die besigheid bedryf op 'n wyse wat nie 'n bedreiging vir die publiek of openbare veiligheid inhou nie; en
- (d) op versoek van 'n gemagtigde beampte enige voorwerp of struktuur skuif of verwyder sodat die handelsplek skoonmaak kan word.

- (4) Waar voedsel, ongeag van waar dié voedsel voorberei is, by 'n informele handelsplek verkoop of hanteer word, moet 'n sertifikaat van aanvaarbaarheid, soos bedoel in die Regulasies insake Algemene Higiënevereistes vir Voedselpersele, GK R638 van 22 Junie 2018, eers vanaf die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit verkry word.

#### **15. Verwydering en skutting**

- (1) Behoudens subartikel (3) mag 'n gemagtigde beampte goedere van 'n informele handelaar verwyder of skut wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik word, gebruik is of beoog word om gebruik te word in verband met –
  - (a) die dryf van handel in 'n plek of gebied waar informele handel kragtens artikel 12 verbied of beperk is;
  - (b) die dryf van handel sonder 'n geldige handelspermit wat kragtens artikel 7 deur die munisipaliteit uitgereik is; of
  - (c) in die geval waar 'n informele handelaar voortgaan met 'n oortreding of 'n oortreding herhaal ten opsigte waarvan een of meer kennisgewings aan daardie handelaar uitgereik is om aan die bepalings van die verordening te voldoen.
- (2) Indien daar gevind word dat 'n informele handelaar in onwettige goedere handel dryf of onwettige goedere te koop aanbied, moet die gemagtigde beampte op sodanige goedere beslag lê kragtens artikel 20 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) en sodanige goedere by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aflewer.
- (3) Die verwydering en skutting van goedere kragtens subartikel (1) kan uitgevoer word ongeag of sodanige goedere op daardie tydstip in die besit of onder die beheer van 'n derde party is.
- (4) Enige gemagtigde beampte wat goedere kragtens subartikel (1) verwyder of skut, moet, behalwe waar goedere gelaat of verlaat is kragtens artikel 18, aan die informele handelaar 'n kwitansie uitreik wat –
  - (a) die volle naam, identiteitsnommer en kontakbesonderhede van die handelaar aandui;
  - (b) die betrokke artikel van die verordening aandui wat deur die informele handelaar oortree is;
  - (c) die goedere spesifiseer wat verwyder en geskut sal word;
  - (d) die bepalings en voorwaardes aandui wat nagekom moet word om die vrystelling van die geskutte goedere te verseker;
  - (e) die skutkoste aandui wat betaal moet word om die vrystelling van die geskutte goedere te verseker;
  - (f) die plek aandui waar die goedere gehou sal word en waar vertoë gerig kan word vir die vrystelling van sodanige goedere of vir die betaling van die koste; en
  - (g) 'n erkenning bevat wat deur die informele handelaar onderteken of gemerk is ter bevestiging dat die inhoud van die kwitansie korrek is.
- (5) 'n Gemagtigde beampte wat kragtens hierdie artikel optree, moet onmiddellik na skutting sodanige goedere aflewer by 'n fasiliteit wat deur die munisipaliteit vir die veilige bewaring van geskutte goedere aangewys is.
- (6) Die eienaar van goedere wat kragtens subartikel (1) verwyder en geskut is, is aanspreeklik vir enige koste aangegaan deur die munisipaliteit ten opsigte van sodanige skutting, en die munisipaliteit kan sodanige goedere hou totdat alle koste betaal is of om sodanige goedere kragtens artikel 17 van hierdie verordening te hanteer.

#### **16. Register van geskutte goedere**

Die munisipaliteit moet ná indiening van sodanige goedere by die plek van skutting 'n skutregister byhou in die vorm uiteengesit in Bylae A tot hierdie verordening, en dit moet op enige redelike tyd vir openbare insae beskikbaar wees.

**17. Wegdoening en verkoop van geskutte goedere**

- (1) Enige goedere wat verwyder en geskut word, kan ná die skutting daarvan verkoop word of, in die geval van bederfbare voedsel en groente en vrugte, vernietig word, behoudens subartikel (2), in oorleg met 'n Gesondheidsbeampte aangewys kragtens die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet 61 van 2003).
- (2) Bederfbare goedere kan verkoop of andersins deur die munisipaliteit weggedoen word, op voorwaarde dat kennisgewing aan die betrokke informele handelaar beteken is om hom of haar in kennis te stel –
  - (a) dat sy of haar geskutte goedere verkoop, vernietig of weggedoen staan te word;
  - (b) van die tyd van sodanige verkoop, vernietiging of wegdoening; en
  - (c) van die redes vir die verkoop, vernietiging of wegdoening.
- (3) Goedere wat geskut is, moet kragtens subartikel (4) aan die eenaar daarvan vrygestel word nadat bewys gelewer is van eienaarskap in die vorm van die voorlegging van die kwitansie bedoel in artikel 15(4), tesame met –
  - (a) bewys van betaling van die skutkoste;
  - (b) bewys van betaling van 'n opgelegde boete; of
  - (c) waar van toepassing, bewys van betaling van die skutkoste en die opgelegde boete.
- (4) Geskutte goedere kan behoudens subartikel (6) deur die munisipaliteit verkoop word indien die informele handelaar versuim of nie in staat is om die skutkoste binne 'n tydperk gespesifiseer deur die munisipaliteit te betaal nie.
- (5) Nadat die 30-dae-tydperk genoem in subartikel (4) verstryk het, moet die munisipaliteit 'n kennisgewing aan die betrokke informele handelaar beteken wat hom of haar in kennis stel –
  - (a) dat die munisipaliteit van voorneme is om sy of haar geskutte goedere te verkoop as gevolg van sy of haar versuim om die vrystelling van sodanige goedere binne die gespesifiseerde tydperk te verseker; en
  - (b) van die datum, tyd en plek waar verhoë deur die informele handelaar gerig kan word oor waarom die munisipaliteit nie sy of haar goedere moet verkoop nie.
- (6) Indien die eenaar van geskutte goedere versuim om sodanige goedere op te eis of om die voorgeskrewe gelde en koste soos bedoel in subartikel 4 te betaal binne 30 dae van die datum van kennisgewing van die voorgename verkoop, moet die munisipaliteit –
  - (a) by 'n bevoegde hof aansoek doen om magtiging om die goedere te verkoop; en
  - (b) in die aansoek vir die hof voorsien van bewyse dat 'n rekening wat die gelde en koste betaalbaar aandui, aan die eenaar voorsien is.
- (7) Ná die verkoop van geskutte goedere, en ná die voorlegging van die kwitansie bedoel in subartikel (3) as bewys van eienaarskap, moet die munisipaliteit aan die persoon wat die kwitansie voorlê, die opbrengste van die verkoop min die skutkoste betaal.
- (8) Ingeval die opbrengste van enige verkoop van goedere bedoel in hierdie artikel nie voldoende is om enige uitgawes te dek wat deur die munisipaliteit in verband met die verwydering en skutting daarvan aangegaan is nie, sal die handelaar vir die verskil aanspreeklik wees.
- (9) Indien sodanige handelaar versuim om die genoemde opbrengste binne 30 dae vanaf die datum waarop sodanige eiendom verkoop is, op te eis, sal die opbrengste verbeur word.
- (10) 'n Sertifikaat uitgereik en onderteken deur die Hoof- Finansiële Beampte van die munisipaliteit of enige ander persoon daartoe gemagtig, sal geag word as bewys van enige uitgawes wat die munisipaliteit in verband met die verwydering en skutting van enige goedere aangegaan het.

**18. Verlate goedere**

- (1) Die munisipaliteit sal die volgende as verlate goedere beskou –
  - (a) goedere wat op 'n openbare pad of openbare plek gevind word en klaarblyklik nie onder die beheer van enige persoon is nie;
  - (b) goedere wat aan die einde van 'n sakedag op 'n openbare pad of openbare plek gevind word en klaarblyklik nie onder die beheer van enige persoon is nie; of
  - (c) goedere wat in 'n mangat, stormwaterdrein, openbare toilet, openbarevervoerskuiling of in enige boom of struik gevind word en waar geen bewyse beskikbaar is dat dit aan 'n spesifieke persoon behoort nie.
- (2) Verlate goedere wat deur 'n gemagtigde beampte gevind word, moet verwyder en onmiddellik by die plek van skutting afgelewer word.

**20. Geskilbeslegting en appèl**

- (1) 'n Informele handelaar wie se regte aangetas is of wat gegrief is deur 'n gedelegeerde besluit van die munisipaliteit, mag onmiddellik nadat hy of sy van so 'n besluit in kennis gestel is, skriftelik redes vir sodanige besluit aanvra.
- (2) Die betrokke direktoraat moet binne sewe dae aan sodanige handelaar skriftelike redes vir die besluit voorsien en, waar nodig, op 'n sinvolle wyse met die handelaar skakel om die saak op te los.
- (3) As die saak nie binne sewe dae na die datum van kennisgewing oor redes opgelos kan word nie, moet die handelaar onverwyld van die finale uitkoms van die saak in kennis gestel word en hy of sy kan appèl teen daardie besluit aanteken kragtens artikel 62 van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) deur skriftelike kennisgewing van die appèl, en redes, binne 21 dae na die datum van die kennisgewing oor die besluit aan die Munisipale Bestuurder te gee.

**20. Middellike aanspreeklikheid**

Wanneer 'n werknemer of agent van 'n informele handelaar 'n bepaling van hierdie verordening of 'n voorwaarde van 'n permit vir informele handel oortree, sal die informele handelaar geag word as self sodanige oortreding te gepleeg het, tensy sodanige informele handelaar die munisipaliteit oortuig dat hy of sy redelike stappe gedoen het om sodanige oortreding te voorkom.

**22. Misdrywe en strawwe**

- (1) Dit is 'n misdryf om –
  - (a) 'n gemagtigde beampte in die uitvoering van sy of haar pligte of funksies kragtens hierdie verordening te dreig, weerstand te bied, in te meng of te belemmer;
  - (b) bewustelik vals of misleidende inligting aan 'n gemagtigde beampte van die munisipaliteit te verskaf; of
  - (c) te versuim of weier om aan 'n kennisgewing of opdrag te voldoen wat kragtens hierdie verordening uitgereik is.
- (2) 'n Persoon wat 'n bepaling van artikel 21 oortree of versuim om daaraan te voldoen of wat enige van die bepalings van artikel 7, 12, 13 of 14 oortree of versuim om daaraan te voldoen, sal skuldig wees aan 'n misdryf en by skuldigbevinding aanspreeklik wees vir –
  - (a) 'n boete of gevangenisstraf of vir beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
  - (b) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat volgens die hof as gevolg van sodanige misdryf of versuim deur die munisipaliteit aangegaan is.
- (30) Afdwinging van hierdie verordening sal deur die Munisipale Hof geskied.

**22. Oorgangsreëlings**

Enigiets wat gedoen word kragtens of ingevolge enige bepaling wat deur hierdie verordening herroep word, word geag gedoen te wees kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie verordening, en die herroeping in artikel 23 sal nie die geldigheid affekteer van enigiets wat kragtens die herroepde verordening gedoen word nie.

**23. Herroeping van verordeninge**

Die Drakenstein Munisipaliteit: Verordening insake Informele Handel, Nr. 14/2007, gepubliseer in Provinsiale Koerante Nr. 6426 gedateer 16 Maart 2007, word hiermee in sy geheel herroep.

**24. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie verordening sal bekend staan as die Drakenstein Munisipaliteit: Verordening insake Informele Handel, 2023 en sal in werking tree op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant afgekondig word.

**Register van geskutte goedere**  
(Artikel 16)

'n Register van geskutte goedere moet ten minste die volgende inligting bevat –

1. Plek waar goedere gehou word;
2. Datum van ontvangs van goedere;
3. Getal en beskrywing van goedere;
4. Naam en adres van persoon wat op die goedere beslag gelê het;
5. Naam en adres van eienaar van goedere (waar toepaslik);
6. Naam en adres of beskrywing van die plek waar die goedere gevind is;
7. Afstand tussen die plek waar beslag op die goedere gelê is en die bergingsfasiliteit;
8. Datum van verkoop van goedere;
9. Opbrengste uit die verkoop van die goedere;
10. Naam en adres van koper;
11. Oorskotbedrag (indien enige) aan die eienaar of munisipaliteit betaal; en/of
12. Kwitansienommer.

**DR JH LEIBBRANDT**  
**STADSBESTUURDER**

Prov Koerant : 18 Augustus 2023